Laerskool Gene Louw | 11 April 2025 | Uitgawe 4/2025

BULLETIN

GENIES HOOGTEPUNTE

- Sporttoersukses
- Sistemiese uitslae
- Kwartaalwenke

UIT DIE SKOOLHOOF SE PEN

Beste Ouers en Voogde

Ek hoop u het 'n welverdiende ruskans saam met u kinders geniet.

Ek is baie dankbaar vir die suksesvolle toere wat ons sportspanne gedurende die vakansie onderneem het. Veertien Gene Louw-spanne het regoor Suid-Afrika meegeding, oorweldigende uitslae behaal en waardevolle ervaring opgedoen. Ons bedank elke toegewyde personeellid en afrigter wat hul vrye tyd opgeoffer het om dit moontlik te maak.

Binnekort vier en verduidelik ons die belangrikheid van die opstanding gedurende Heroz-week vanaf 14 tot 17 April, wanneer leerders die kans kry om na te dink oor die impak van dié gebeurtenis op ons lewens. Paas-fees herinner ons aan die hoop en hernuwing wat die opstanding van Jesus Christus tot ons geloof en daaglikse lewens voeg. 'n Biduur sal om 08:00 op Donderdag 17 April in die personeelkamer gehou word vir enige ouers wat graag vir die skool wil kom bid. Voorts mag leerders op hierdie dag soos hul gunstelingsuperheld aantrek. Die geleentheid dien dan ook as ons waarde-"dress-up" – ons fokus tans op objektiwiteit as ons kwartaallikse waarde.

Ons sien uit na 'n vrugbare kwartaal en waardeer u volgehoue ondersteuning.

"Hoe laat moet ons waar wees?"

Volledige sportoefenprogramme en belangrike datums word via d6 met ons ouergemeenskap gedeel, maar u kan ook die skool se webtuiste **hier** besoek indien u ooit onseker voel oor enige van die besonderhede.

#GENIESLOVE2025

Goud pas ons goed!

Die O/13A-hokkiedogters straal ná hul Kobus Wiese Super Series-oorwinning.

Die o/13A-hokkieseuns het alles uitgehaal om óók 'n stel medaljes te verower.

SPORTSAMEVATTING

VAKANSIETOERE Geluk aan al ons sportspanne met hul suksesvolle toere gedurende die afgelope vakansie, en dankie aan die personeel en afrigters wat hulle vergesel het. Almal het pragtig presteer, maar ons is veral trots op albei ons o/13A-hokkiespanne, wat 'n skitterende dubbele sege behaal het deur twee eerste plekke by die gesogte Kobus Wiese Super Series in te palm.

➔ **RESULTATE** Kliek hier vir die nuutste **Rugby-**, **Netbal-** en **Hokkie-uitslae**.

Uit die personeelkamer

Hartlik welkom aan **mev. Elicha Theron** (1A2) wat aan die begin van hierdie kwartaal by ons aangesluit het.

Ses onderwysstudente het ook die afgelope week hul praktiese tydperk by die skool begin. Mag die ondervinding leersaam wees!



Mev. Elicha Theron

NUUTSTE SISTEMIESE UITSLAE

Leerders in Graad 3, 6 en 9 by alle Wes-Kaapse skole voltooi elke jaar **sistemiese wiskunde- en taalassesserings**. Die uitslae word onder meer met dié van die provinsie as geheel vergelyk. Só lyk ons skool se uitslae van 2024:

	Gene Louw	Wes-Kaap
Graad 3-slaagsyfer		
Wiskunde	91,7%	55,9%
Huistale	82,3%	45,4%
Graad 6-slaagsyfer		
Wiskunde	96,7%	41,5%
Huistale	94,3%	41,5%

Ons het ons uitslae ontleed, en ingrypingsplanne sal in ons **Akademiese Vorderingsverbeteringsplan** ingesluit word. Daar word ook van ons verwag om 'n **Jaarlikse Akademiese Vorderingsverslag** (JAV) aan die WKOD voor te lê. Hierdie verslag bied 'n oorsig van die skool se akademiese vordering, uitdagings en ingrypingsstrategieë gedurende die vorige jaar. Ons JAV vir 2024 is voorgelê aan die skool se beheerliggaam, wat dit goedgekeur het.

Kreatiewe spogwerk

Die Graad 3's moes onlangs konsepontwerpe skets om 'n insek in klei uit te beeld. Kliek op die skakels om te sien hoe drie talentvolle leerders hul skeppings beplan het:
• **Maritz Stadler** (3A1) • **Yolula Mdlankomo** (3E1) • **Louise Lintvelt** (3E2)

Hou in gedagte...

Hier kom 'n woelige kwartaal! Met só 'n besige skedule maak ons staat op u ondersteuning. Let dus asseblief op die volgende:

• Kwartaal 2 sluit verskeie langnaweke in, en **die skool sal vir 'n hele week vanaf 28 April tot 2 Mei gesluit wees.** Sien asseblief toe dat u kind elke amptelike skooldag bywoon, aangesien onderrig soos gewoonlik sal voortgaan. .

• Ons **Graad 7's, wat dié week by Oudtshoorn gaan kamp het**, keer vandag terug.

• **Ouerafsprake vir Graad 4-6** vind van 14 tot 16 April plaas. (Die Graad 7-ouers se beurt volg binnekort.)

• Alle leerders moet **vanaf 5 Mei** in die **amptelike winterskooldrag** geklee wees.

• Die **volgende bondel handboeke vir alle Graad 4-7-vakke** word eersdaags versprei. Dankie vir u begrip terwyl ons die materiaal wat die opvoeders voorberei het, afrond.

• **Formele assesserings** begin in Week 9 en 10 van hierdie kwartaal. ■